Woensdag **19 Junie**
**Skrifgedeelte: Romeine 8:1-11 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:6**
**Die Gees gee lewe en vrede!**

In die tydperk vóór Jesus Christus se kruisiging was die wet van Moses die "gewete van die mens"! Die wet het die koers en rigting van elke mens bepaal. Die wet het die mens voortdurend herinner aan die sonde en die straf daarop, naamlik die dood. Die wet het wel gepoog om die mens in toom te hou, maar die sondige natuur van die mens was voortdurend in opstand teen hierdie band en het die toesig van die wet nie aanvaar nie. Daarom is en was alle mense vóór Christus skuldig aan sonde, met veroordeling tot die dood, behalwe hulle wat deur die offers gereinig is (die offers wat heengewys het na Christus se verlossingswerk).

Met Jesus Christus se kruisiging is die wet egter vervul, en het die doel van die wet verander met 'n nuwe inhoud en betekenis. Nou, ná Christus, is die wet nie meer die "gewete van die mens" nie, maar stuur Christus sy Gees om in God se uitverkore kinders te woon en te werk! Nou staan gelowiges nie meer onder toesig van die wet nie, maar onder toesig van die Gees.

En die Gees wek die nuwe lewe deur die wedergeboorte van die hart. Hy skenk die geloof, Hy verklaar die Woord en Hy herinner ons aan Christus se volkome verlossingswerk en sy vervulling van die wet, die offers en die seremonies. Hoewel die mens dus nog met die sterflike liggaam (8:11) leef, maak die Gees ons lewend in Christus!

En in Christus kan daar aan die eise van die wet voldoen (8:4) word, want nou is dit nie meer ons dade wat tel nie, maar ook ons dankbare harte in Christus vir sy volkome daad van verlossing!

En omdat die Gees oor ons harte en ons gedagtes die wag hou, vorm Hy "die gewete van die mens", sodat ons in en deur Christus, ook in vrede met die Vader kan leef. Daar is dus nou (werklik) geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie (8:1)!

*Sing: Psalm 33-1:1, 2, 3*
*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*